



# Roefvoëls & uitheemse bome



ENDANGERED  
WILDLIFE TRUST

BIRDS OF PREY  
PROGRAMME

conservation in action



Voëlkundiges in Suid-Afrika is reeds lank daarvan bewus dat die vinnige groei van die bosboubedryf en die verspreiding van uitheemse bome na boomlose gebiede tot die voordeel van sekere voëlspesies is. Roofvoëls in die besonder het

hierbygebaat en die verspreiding en bevolkings van verskeie spesies het aansienlik uitgebrei as gevolg van die toename van uitheemse bome. Baie van hierdie roofvoëls leef in woude en verskeie (bv. Bosuil, Kroonarend, Bosjakkalsvoël, Rooiborssperwer, Ovambosperwer, Kleinsperwer, Swartsperwer, Afrikaanse sperwer) het hul gebiede aansienlik uitgebrei met die verspreiding van uitheemse bome, en is nou afhanklik vir die voortbestaan van hierdie bome om hul huidige verspreiding te kan handhaaf. Die verspreiding van uitheemse bome het egter ook 'n negatiewe uitwerking op sommige van ons roofvoëls wat oop terrein verkies (bv. Witkruisvleivalk, Afrikaanse vlei valk en moontlik die Oostelike Rooipootvalk), omdat hul habitat verloor het as gevolg van bosbou.

Die tweede probleem is meer subtiel, maar belangriker en gaan uiteindelik die langtermyn gesondheid van ons omgewing raak. Baie van Suid-Afrika se oop gebiede, veral ons gras en heidevelde, word ernstig beïnvloed deur kommersiële bosboubedrywighede en die verspreiding van uitheemse indringerbome. In hierdie gevalle kan die uitroei van hierdie bome slegs tot voordeel van die omgewing wees, en die gevolglike verlies van roofvoëls wat in hierdie bosse aangepas het is 'n ekologies aanvaarbare resultaat. In ander gebiede word die uitheemse bome egter verwyder uit plekke wat voorheen met inheemse woude bedek was. Die skielike, permanente en totale verwydering van plantasies en uitheemse bome sal die verdwyning van plaaslike inheemse en ekologies belangrike roofvoëls.

## Probleme met die verwydering van uitheemse bome

Die onlangse pogings om uitheemse bome uit te kap, aanvanklik aangevoer deur die Werk vir Water Projek van die Departement van Waterwese en Bosbou, hou twee groot bedreigings in vir ons roofvoëls wat in bome broei.

Eerstens het die afkap van bome 'n direkte en aansienlike uitwerking op aktiewe neste deurdat die volwasse voël die nes met eiers of kuikens verlaat, of die totale vernietiging van die nes deur die boom waarin die nes is per ongeluk af te kap. Indien die slaapplekke, veral daardie wat gedurende die somer deur migrerende valkies (bv. Kleinrooivalke en Oostelike Rooipootvalke) gebruik word, vernietig word, kan dit 'n baie negatiewe uitwerking op hierdie bedreigde voëls hê.

## Aanbevelings vir doeltreffende bestuur

Dit is belangrik dat waar moontlik, stappe geneem word om te verseker dat die negatiewe uitwerking van die uitroei van uitheemse bome op ons roofvoëlbevolkings so min as moontlik sal wees. Sekere doeltreffende, regstellende optrede sluit in:

- Stel die Endangered Wildlife Trust in kennis van die beplande verwydering van bome en vra dat 'n verteenwoordiger van die Birds of Prey Programme die gebied besoek om te bepaal watter roofvoëls daardeur beïnvloed sal word en gee dienooreenkomstig raad.
- Beplan die verwydering vir tye buite die broeiseisoen wanneer die neste onaktief is, en verseker dat kuikens wat moontlik uit neste val, na geakkrediteerde rehabilitasiesentrums gaan.
- Combineer die verwydering van bome met die aanplant van plaaslike inheemse bome wat vinnig groei in gebiede wat voorheen bebos was.

Teks deur Andrew Jenkins

Vir verdere Inligting kontak asseblief die

Endangered Wildlife Trust  
Birds of Prey Programme E-pos: [raptor@ewt.org.za](mailto:raptor@ewt.org.za)  
Private Bag X11, Modderfontein, 1645, South Africa  
Telefoon: +27 11 372 3600  
Faks: +27 11 608 4682  
[www.ewt.org.za](http://www.ewt.org.za)